# RUILWAARDE.

**RUILNOMMERS:** „Tydskrif vir Wetenskap en Kuns," orgaan van die S. Afr. Akademie vir Wetenskap en Kuns, bring in sy uitgawe van Mei 1946 'n verskeidenheid waardevolle bydraes. Oor die algemeen is die gehalte van die artikels baie hoog. Die inhoud is egter baie uiteenlopend van aard, wat dit vir die vakman soms moeilik maak om die geheel ten volle te waardeer. In hierdie uitgawe verdien besondere vermelding die volgende: J. F. W. Grosskopf „Landbouwetenskap en boeremense." W. H. O. Schmidt „Freud se psigo-analitiese teorie," M. O. Mönnig „Die emulsifisering van

sekere organiese oplosmiddels," H. Mulder: „Die neo-Platonisme en die Christendom" en P. J. Nienaber „Die dier in ons letterkunde." Ek dink die waarde van die Tydskrif sal baie verhoog word as dit aanvanklik onder sy Fakulteite gerubriseer word en eventueel in twee of meer vaktydskrifte opgesplits word. Ons het baie behoefte aan wetenskaplike vaktydskrifte, en ek dink dit lê op die weg van die Akademie om tot die uitgee daarvan onder sy beskerming oor te gaan. „Ons Eie Boek," 'n Afrikaanse Boekegids onder die bekwame leiding van Prof. Dr. François Malherbe, verdien die ondersteuning van alle boekliefhebbers. Hierin word vakkundige leiding aan ontwikkelde lesers gegee. Daar verskyn tans so baie boeke in ons land dat aan diegene wat graag boeke wil koop, die nodige leiding moet gegee word. Behalwe die Kritiese Bulletin bevat die tydskrif gereeld Artikels en Studies in Letterkunde. In die uitgawe van Junie 1946 kom die volgende gewaardeerde woorde oor „Koers" voor: „Calvinisties georiënteer, bly Koers een van die belangrikste tydskrifte in ons land om op belangrike gebiede van wetenskap en lewe leiding vanuit prinsipiële standpunt te verskaf. Die goed gedokumenteerde artikels verdien veel groter aandag by ons denkende publiek."

„Die Matie," orgaan van die A.N.S. te Stellenbosch, kom in sy uitgawe van 2 Aug. 1946 in 'n spesiale formaat uit om die Lustrumfees (1941—1946) te herdenk. Dit is 'n mooi uitgawe en getuig van springlewendige en kerngesonde optrede. Ook ons geluk aan die jongmanne van Stellenbosch! Uit Nederland ontvang ons vanaf die uitgawe van 28 Junie 1946 'n nuwe ruilnommer. Diekeer is dit 'n weekblad gewy aan Christelike, kulturele en sosiale vraagstukke en bekend as „Nieuw Nederland" onder redaksie van die Calvinistiese wysgeer H. Dooyeweerd, bygestaan deur 'n sewetal gesaghebbendes op die verskillende lewensterreine. Vir sover ek kon vasstel is nie almal oortuigde Calviniste nie—die band wat hulle bind egter is die Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Hierin sien ons 'n dappere en tot dusver geslaagde poging van mede-Christene om 'n deeglike weekblad vanuit beslis Christelike standpunt te redigeer. Die uitgawe van 28 Junie vorm no. 44 van die eerste jaargang. In die reël is die weekblad gerubriseer en ons vind daarin o.a. buitelandse oorsig, die wêreldtoneel, resonansies, politieke oorsig; verder diepergaande studies soos die van Dooyeweerd self oor Calvinistiese wysbegeerte, bespreking van onderwyssake, kerklike gebeure, landbou, ekonomie ens. Oor die algemeen is die artikels fris gesteld en gee ons 'n mooi en diepgaande insig in die doen en denke van ons geloofsgenote in Nederland. Dit is 'n tydskrif waarop ons gerus kan inteken: adres is Joh. Verkulststraat 114, Amsterdam Z., teen 3 gulden (plus-minus 7/-) per kwartaal.

* * *

**KERK EN GODSDIENS.** Ongetwygeld die belangrikste bydrae op die gebied is die opspraakwekkende artikel van Dr. R. Broom in „Die Brandwag" (9 Aug.) oor „Die Evolusie en die Kerk," waarteen heelwat stemme opgegaan het en veral die van Dr. A. B. du Preez in die uitgawe van 6 September. Maar, waar is die antwoord van ons Christelike antropoloë op hierdie aanval op ons Christelike geloof? In „Die Hervormer" (Sept.) begin Ds. J. J. Engelbrecht, wat al vir hom 'n naam op die terrein gemaak het, met 'n nuwe reeks artikels oor „Kerk en Jeug". „Die Geref. Vaandel" bring 'n vervolg van enkele artikels: D. Lategan „Na 300 jaar" (Julie, Aug.) en „Openbaring van Johannes" (Julie, Aug.); E. E. van Rooyen „Roomse

Kerk" (Julie, Aug.). „Die Kerkbode" wy 'n artikel oor „Kerkvereniging" (7 Aug.) en bevat 'n verdere studie van G. B. A. Gerdener oor „Groot Figure in die Kerkgeskiedenis" (14 Aug.). In „Die Kerkblad" skryf J. D. du Toit nou weer gereeld pragtige inleiers. (9 en 23 Aug., 6 en 20 Sept.) meestal oor aktuele volksvraagstukke, soos begrafnisse, 'n wonderland, 'n wonder-wêreld en „evolusie in die kerk" (resp.). S. du Toit, tans in die Verenigde State, begin met sy reisindrukke wat werklik pak (6 en 20 Sept.)

* * *

**SKOOL EN OPVOEDING.** In „Horison" (16 Aug., 14 Sept.) gaan S. P. E. Boshoff voort met sy Rommelpot in die Hanekot -beswaarskrif teen die Afdeling Eksterne Studie van die Universiteit van S. Afrika. Die vader van hierdie uitdrukking kon dinge darem beter en raker sê! S. J. Pretorius, ons jong digter, skryf in „Die Brandwag" (2 Aug.) oor die onderwys as enigste redmiddel vir ons volk, en H. S. B. Schoeman, 'n gesag oor die onderwerp, oor „Volwassene-onderwys" in „Die Vooslag" (Aug., Sept.). Die „Onderwysblad" (Sept.) bevat 'n uiters belangrike bydrae deur J. G. Brink oor die Matrikulasie eksamen, waarin hy vir 'n standerd elf pleit. J. G. Van den Bosch het 'n baie waardevolle bydrae in „Calvin Forum" (Junie-Julie) oor „The Christian College in an atomic age." „Die Unie" (Aug.) gee ons die grondige rede van die S.A.O.U. voorsitter oor „Rekonstruksie in die onderwys," en die September-uitgawe bevat die belangrike studie deur M. M. Kriel oor „Kleuterskole." „Paedagogische Studiën" (Junie) gee van die hand van I. P. v.d. Velde 'n mooi insig oor „Moedertaalonderwys in Frankrijk," en H. Plessoer skryf (Julie-Aug.) oor „De infantiliserende invloed van die maatskappy op de jeugd."

**VOLK, KULTUUR, WETENSKA EN KUNS.** Onder die tydskrifte wat veral op die terrein van die volkslewe ons kerngesonde en wetenskaplike leiding gee neem „Wapenskou" ongetwyfeld die eerste plek in. Dit doen vir ons land amper net wat „Nieuw Nederland" aldaar doen. Dit is 'n tydskrif wat elkeen wat in volksake belangstel, moet lees en daarop inteken. Besonder interessante studies vind ons op hierdie gebied ook in „Die Brandwag" waarin die volgende spesiale vermelding verdien: G. Cronjé oor nie-blanke arbeid (9, 16 en 23 Aug.), C. de Bruyn oor ons gesinlose stadsjeug (16 Aug.), H. P. Marwitz oor ons jeug en sy vrye tyd (30 Aug.), J. Fourie oor kleurskeidslyn in sport (13 Sept.). Van besondere waarde is die artikel van H. J. R. Sims in „Die Taalgenoot" (Aug., Sept.) oor die Indiërvraagstuk en in „Die Voorslag" deur C. W. Prinsloo oor die Asiaat. In „Bibliotheca Sacra" (Apr. Juni.) is daar veral dié mooi artikel deur G. F. Greene "What the working classes owe to Christianity." „Historiese Studies" (Maart) bevat net een studie deur N. C. Weideman oor „Die Malaboch-oorlog," goed gestel en gedokumenteer. „Inspan" (Aug.) gee 'n kort samevatting van die referate gelewer op die jongste F. A. K. Kongres, terwyl J. H. Coetzee (Sept.) voortgaan met sy studie oor die Kommunistiese Propaganda. „Die Brandwag" (23 Aug.- 13 Sept.) bevat 'n reeks artikels deur J. P. Pienaar oor „My broer Sangiro," terwyl H. J. Terblanche 'n uitstekende rubriek oor ons taal behartig (23 Aug., e.v.). E. A. Venter se historiese drama „Martin Luther" word vervolg in „Die Voorslag" (Aug., Sept.) In die Nederlandse „Horizon" (Mei) is daar een mooi artikel deur F. E. Hoekstra oor „Mentaliteit van den na-oorlogschen Jeugd."

J. CHR. COETZEE.